higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

BESTUUR: BOERDERY N4

(4090544)

20 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BESTUUR: BOERDERY N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: BOERDERY IN PERSPEKTIEF

1.1 Noem SES strukturele aanpassings wat die Suid-Afrikaanse landbousektor sedert 1980 ondergaan het. (6)

1.2 'Verskeie markvorms word internasionaal in landbou gebruik om fundamentele ekonomiese behoeftes te bevredig.'

Dui aan op watter mark elk van die volgende eienskappe van toepassing is. Skryf slegs die antwoord langs die nommer (1.2.1–1.2.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Lae produktiwiteit is besonder in hierdie stelsel.

1.2.2 Verbruikers se uitgawes word deur hul inkomste beperk.

1.2.3 Basiese industrieë is in staatsbesit.

1.2.4 Hierdie mark bied vrye mededinging.

(4 × 1) (4)

1.3 Waterskaarste is EEN van die belangrikste uitdagings wat deur klimaatsverandering veroorsaak word. Hierdie probleem geld ook in Suid-Afrika: die Wes-Kaap vervaar ernstige watertekorte.

1.3.1 Noem VIER produksiefaktore. (4)

1.3.2 Stel VIER meganismes voor wat Suid-Afrikaanse boere kan aanwend om doeltreffende gebruik van water as 'n natuurlik hulpbron te verseker. (4)

1.4 Beantwoord die volgende vrae op grond van die breër ekonomiese omgewing.

1.4.1 Skryf die akroniem *BBP* voluit. (1)

1.4.2 Definieer *BBP*. (2)

1.4.3 Vergelyk die effek wat werkloosheid op die *BBP* en die *betalingsbalans* het. (2 × 2) (4)

1.5 Definieer elk van die volgende terme:

1.5.1 Inkomstestabiliteit

1.5.2 Entrepreneurskap

1.5.3 Kapitalisme

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

1.6 Aangesien landbou van sosiaal-ekonomiese belang in 'n land is, is dit noodsaaklik vir verskillende rolspelers om saam te werk om die sukses en volhoubaarheid van die landbousektor te verseker.

1.6.1 Bespreek die belangrike rol wat landbou in die ekonomiese sektor speel. (4)

1.6.2 Verduidelik verbruikers se rol in die landbou. (3)

1.6.3 Gee enige TWEE redes vir die hoër lewensverwagting in Suid-Afrika wat 'n invloed op toekomstige landbouverbruikspatrone sal hê. (2)

[40]

VRAAG 2: BOERDERYBESTUUR

2.1 Kategoriseer die volgende boerderydoelwitte as LANGTERMYNDOELWITTE, MEDIUMTERMYNDOELWITTE of KORTTERMYNDOELWITTE. Kies die antwoord en skryf slegs 'Langtermyn-', 'Mediumtermyn-' of 'Korttermyn-' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Begin van nuwe bedrywighede in 'n boerdery-onderneming.

2.1.2 Verhoging van die lewering van kool op 'n plaas.

2.1.3 Opbou van 'n doeltreffende bestuurskomponent.

2.1.4 Korrekte voorbereiding van saadbeddings.

2.1.5 Verbetering van 'n plaas se winsgewensheid.

(5 × 1) (5)

2.2 Mensehulpbronbestuur is een van die kritieke bestuursfunksies en dit behoort doeltreffend bestuur te word vir die suksesvolle bereiking van organisasiedoelwitte.

2.2.1 Verduidelik enige DRIE belangrike rolle van die mensehulpbron-departement in 'n organisasie. (3 × 2) (6)

2.2.2 Noem VIER bestuursfunksies in 'n organisasie. (4)

2.2.3 Onderskei tussen *roetine-* en *rasionele* besluite. (2 × 2) (4)

2.2.4 Noem die stappe in *rasionele besluitneming* in chronologiese volgorde. (7)

2.3 Definieer *boerderybestuur*. (4)

Kopiereg voorbehou

2.4 'Duidelike organisasiestruktuur is baie belangrik.'

2.4.1 Verduidelik *organisasiestruktuur*. (2)

2.4.2 Identifiseer DRIE vorms van organisasiestruktuur wat in die landbousektor gebruik word. (3)

2.4.3 Beskryf die vorms van organisasiestruktuur wat in VRAAG 2.4.2 genoem is. (3)

2.4.4 Noem TWEE belangrike funksies van organisasiestruktuur. (2)
[40]

VRAAG 3: BESTUURSFUNKSIES VAN 'N BOERDERY-ONDERNEMING

3.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende stellings gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Beplanning wat gerig is op hoe produksiefaktore gekombineer kan word om die doelwitte van die plaas oor die korttermyn te bereik.

A Reaktiewe beplanning
B Taktiese beplanning
C Bemarkingsplan
D Strategiese beplanning

3.1.2 … is 'n instrument wat die bepaalde werking van die plaas rig.

A Begroting
B Beleide
C Skedules
D Prosedure

3.1.3 'n Meetinstrument wat gebruik word om die gemiddelde melkproduksie per koei op 'n suiwelplaas te bepaal.

A Produksierekords
B Inkomstestaat
C Mensehulpbronrekords
D Balansstaat

3.1.4 'n Poging om die beloop van toekomstige gebeure op grond van gegewe inligting en voortydige verwagtinge te voorspel.

A Projeksies
B Beplanning
C Programmering
D Vooruitskatting

3.1.5 'n Opleidingstrategie waar nuwe, verplaasde of bevorderde werknemers aan die beleide, werknemers en die werk self bekendgestel word.

A Ontwikkelingsopleiding
B Induksie
C Indiensopleiding
D Intaakopleiding ('on-the-job training')

(5 × 1) (5)

3.2 Bepaal die toepaslike meetinstrument wat gebruik word om die volgende prestasie te meet.

3.2.1 Speenpersentasie van kalwers op die plaas.

3.2.2 Bemarkingskoste vir alle behoeftes van die mark.

3.2.3 Aantal diere in 'n kudde.

3.2.4 Netto waarde van 'n boerdery-onderneming.

3.2.5 Verhouding tussen werknemerbesoldiging en bewerkte oppervlakte.

(5 × 1) (5)

3.3 Beplanning is die belangrikste funksie in 'n organisasie en dui op die sukses of mislukking van 'n organisasie.

3.3.1 Verduidelik die prosedure vir strategiese beplanning kortliks. (10)

3.3.2 Stel enige VIER beplanningstegnieke voor wat 'n boer kan gebruik om die organisasiedoelwit te bereik. (4)

3.3.3 Onderskei tussen *program* en *skedule*. (2 × 2) (4)

3.4 Doeltreffende opleiding is belangrik vir die bevordering van werknemerprestasie.

3.4.1 Gee vir 'n boer raad oor hoe h/sy doeltreffende arbeidsopleiding kan doen. (8)

3.4.2 Noem VIER vaardighede wat doeltreffende leierskap behels. (4)

[40]

VRAAG 4: MAKRO-LANDBOUBEMARKING

4.1 Bestudeer die inligting hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

PRYS VAN 'N SAK AARTAPPELS (R)	AANBOD	VRAAG
15	10	50
20	15	40
25	30	30
30	45	15
35	70	10

4.1.1 Beskryf *ekwilibriumprys*. (1)

4.1.2 Gebruik die inligting in die bostaande tabel en teken 'n grafiek om die ekwilibriumprys aan te dui. (5)

4.2 Bestudeer die volgende tabel wat die vraag na 'n bepaalde produk illustreer en beantwoord AL die vrae wat daarop volg.

PRYS (R) PER EENHEID	HOEVEELHEID PRODUKTE PER KG
30	300
40	320

4.2.1 Bereken die persentasie verandering in die prys van die produk. (3)

4.2.2 Bereken die persentasie verandering in die gehalte van die produk wat in aanvraag is. (3)

4.2.3 Bereken die pryselastisiteit van vraag vir hierdie produk. (3)

4.2.4 Noem die vorm van die vraag wat in geval van hierdie produk van toepassing is. (1)

4.2.5 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.2.4. (1)

4.3 4.3.1 Identifiseer DRIE moontlike risiko's in die oordrag van goedere na die verbruiker. (3)

4.3.2 Beskryf die DRIE risiko's wat by VRAAG 4.3.1 geïdentifiseer is. (3)

4.3.3 Noem VYF veranderlikes van die makro-omgewing wat landboubemarking beïnvloed. (5)

4.3.4 Bespreek *verkope* as 'n ruilhandelaktiwiteit van bemarking. (3)

4.3.5 Verduidelik VIER koopkrag- en verbruikersvoorkeure van Afrikane. (4)

Kopiereg voorbehou

4.4 Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (4.4.1–4.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.4.1 'n Ondersteuningsfunksie wat op gelyke verdeling van produkte deur die jaar, totdat die vraag verhoog, fokus.

4.4.2 Gehalte wat teen 'n bepaalde prys op 'n bepaalde oomblik te koop aangebied word.

4.4.3 'n Primêre aktiwiteit in die mark wat gaan oor die oordrag van 'n produk vanaf die vervaardigingspunt na 'n punt waar verbruikers daartoe toegang het en dit kan koop.

4.4.4 Bemarkingsbenadering wat fokus op die bevrediging van verbruikers se behoeftes deur goedere vanaf die produsente na die verbruikers te neem.

4.4.5 Klassifikasie van goedere volgens neergelegde standaarde.

(5 × 1) (5)

[40]

VRAAG 5: MIKRO-LANDBOUBEMARKING

5.1 Bemarking is belangrik vir die sukses van 'n organisasie, daarom is die ontwikkeling van 'n doeltreffende bemarkingstrategie belangrik.

5.1.1 Verduidelik die prosedure vir die ontwikkeling van 'n bemarkingstrategie. (5)

5.1.2 Identifiseer DRIE bemarkingsrigting waardeur besighede ontwikkel (evolved) het. (3)

5.1.3 Beskryf die DRIE bemarkingsrigting wat in VRAAG 5.1.2 genoem is. (3 × 2) (6)

5.1.4 Bespreek die VIER elemente van die bemarkingsamestelling. (4 × 2) (8)

5.1.5 Noem VYF verspreidingskanale wat 'n boer kan gebruik om sy/haar produkte te verkoop. (5)

5.1.6 'Pryse vir landbougoedere wissel baie vinning in oop markte.'

Gee VIER redes hiervoor. (4)

5.2 Bestudeer die grafiek hier onder wat die vraag en aanbod van hoenderporsies in Suid-Afrika uitbeeld en beantwoord die vrae wat daarop volg:



5.2.1 D2 verteenwoordig 'n toename in die vraag na hoenderporsies.

Uit die opsies hier onder, kies 'n moontlike rede vir die toename in die vraag en skryf die letter (A–C) van jou gekose antwoord langs die vraagnommer (5.2.1) in the ANTWOORDBOEK neer.

A Verbruikers ontwikkel 'n belangstelling in hoenderporsies.

B Die prys vir hoenderporsies daal.

C Kontantgewasprodusente besluit om die produksie van hoender te verander. (2)

5.2.2 Skryf die simbool in die grafiek neer wat ekwilibrium verteenwoordig. (1)

5.2.3 Staaf jou antwoord op VRAAG 5.2.2. (2)

5.2.4 Noem VIER strategieë wat deur die Suid-Afrikaanse regering aangewend word om pryse te stabiliseer. (4)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou